LAERSKOOL MONTAGU

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

INHOUDSOPGAWE:

1. Inleiding
2. Wetlike Raamwerk
3. Doelwitte van die gedragskode
4. Beleid en beginsels
5. Positiewe dissipline
6. Beleidsbesluite
7. Implementering
8. Kategorieë van oortredings en dissiplinêre optrede
9. Die jurisdiksie en omvang van die gedragskode
10. Goedkeuring van die gedragskode
11. Datum van implementering
12. Woordomskrywings

1. INLEIDING:

- **Definisie:** ‘n Gedragskode vir leerders in terme van die SA Skolewet van 1996 bevat reëls en beginsels om goeie gedrag te bevorder en om ongewenste gedrag in die skoolsituasie te hanteer.

  Die gedragskode is gebaseer op die skool se visie om Monties toe te rus vir die toekoms deur hulle volle potensiaal te ontwikkel.

- **Opvoeders:**

  Opvoeders speel vanselfsprekend ‘n deurslaggewende rol by skooldissipline en hulle moet in hulle interaksie met leerders op ‘n wetlike korrekte en gedissiplineerde wyse optree.

- **Ouers:**

  Dissipline begin primêr by die ouerhuis. Daar word verwag dat die ouers/voogde die gedragskode van die Laerskool Montagu sal ondersteun. Ouers speel ‘n uiters belangrike rol en hul volle samewerking en ondersteuning word dus verwag. Ouers onderteken die gedragskode wat as bewys van aanvaarding dien.

2. WETLIKE RAAMWERK:

1. Minister van Onderwys: Verantwoordelik vir die formulering van beleid vir die kontrole en dissipline van leerders (Wet 27, 1996)
2. Beheerliggaam van elke skool is verantwoordelik vir die aanvaarding van ‘n gedragskode vir leerders (Wet 8(1) van Wet 84 van 1996)
3. Die bogenoemde moet in lyn wees met die fundamentele regte gewaarborg deur die grondwet (Wet 108 of 1996) en ander verwante wetgewing soos gelys hieronder:

    - SA Grondwet (Wet 108 van 1996)
    - VN Konferensie van die regte van die kind (1990)
    - Afrika Akte vir die Regte en Welsyn van die Kind (1999)
    - Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27,1996)
    - SA Skolewet (Wet 84 van 1996)
    - Wes-Kaap Provinsiale Onderwyswet (Wet 12,1997)
    - Kindersorgwet (Wet 74 van 1983)
    - Buitengewone Provinsiale Gazette (Okt. 2001)
    - Onderwyswysigingswetgewing (Wet 31 2007)
    - Wet 31 van 2007 (Deursoeking en Beslaglegging)

3. DOELWITTE VAN GEDRAGSKODE:

- Riglyne waarvolgens opgetree moet word
- Optrede vir die regstelling van ongedissiplineerde gedrag
- Te verseker dat leer plaasvind
- Veilige omgewing skep
- Te lei tot selfdissipline
- Grense te stel
- Oop kanaal met ouers te vestig
- Om tot voordeel van die leerder op te tree

4. BELEID BEGINSELS:

- Alle partye aanvaar die verantwoordelikheid vir hul gedrag
- Die daarstelling van wedersydse respek tussen alle betrokkenes
- Bevordering van selfdissipline
- Motivering van positiewe gedrag en houding
- Die kweek van ‘n gedissiplineerde omgewing en kultuur

5. POSITIEWE DISSIPLINE:

Positiewe dissipline sal lei tot ‘n gedissiplineerde skoolomgewing, waar maksimale leer sal plaasvind. Om dit te bereik moet leerders strewe na:

- ‘n positiewe ingesteldheid
- respek vir hulself en ander
- doelgerigtheid
- verantwoordelikheid
- eerlikheid en betroubaarheid
- erkentlikheid
- selfbeheersing
- samewerking
- gehoorsaamheid
- getrouheid
- netheid
- verdraagsaamheid
- aanspreeklikheid vir optrede

6. BELEIDSBESLUIT:

- Positiewe gedrag en houding sal beloon word.
- Die daarstelling van ‘n veilige leeromgewing waar gesonde norme en waardes uitgeleef kan word.
- Alle belanghebbendes sal aktief betrokke wees met die implementering en handhawing daarvan.
- Enige wangedrag sal deur die prinsipaal en personeel hanteer word i.t.v. die gedragskodes.
- Ouers/voogde sal die skool ondersteun in die implementering en handhawing van die skool se gedragskode.
- Inskerping van selfdissipline op ‘n daaglikse basis.

7. IMPLEMENTERING:

1. Ouersessie
2. Vlak 1 en 2 - Eie rekordblad
3. Opoffer – lêer en strafbrief
   Beloon – “geskenkie”
4. Aanmelding tydens Fase-vergadering
5. Detensie / Beheerliggaam
6. Dissiplinêre verhoor

Terugvoering aan ouers in word in kwartaal 1,2 en 3 gegee in die rapport.

8. KATEGORIEË VAN OORTREDINGS EN DISSIPLINÊRE OPTREDE:

- ❖ Die rekordering van oortredings/belonings word op die administratiewe stelsel vir gedrag gedoen.
- ❖ Volledige skoolreëls is aan elke leerder oorhandig. Hierdie reëls is ook by die hoof en op die webblad beskikbaar.

Kategorie 1	**Optrede**
Aantekening op dissiplinestelsel	
NIE GEDOEN • Huiswerk onvoltooid • HWB nie geteken • OB nie geteken • Toets / Ass. take nie geteken **GEDRAG** • Gesels in rye • Gesels in klas / saal • Laat kom • Eet / Kougom • Rondloop • Skree uit **VERGEET** • Boeke • LO Klere • Flip File • Skryfbehoeftes ***NETHEID** • Voorkoms – kleredrag, hare ens. • Werk	• Eie stelsel volgens professionele oordeel in opvoeder se klas, aangevul met dissiplinêre lêerstelsel, waarop oortredings gerekordeer word. • Herhalende oortredings word na departementshoof verwys. • 'n Strafbrief kan uitgereik word deur die departementshoof. • Herhaling beteken 3 oortredings in relatief kort tydperk, in elke onderafdeling. • Maak voorsiening vir klasstelsel: - punte en belonings - herhaling word kategorie 2 ** 'n Inspeksie van voorkoms (netheid van persoon, kleredrag ens.) kan op 'n gereelde basis **onaangekondig** gedoen word.*

Kategorie 2	**Optrede**
Aantekening op dissiplinestelsel	
1. Ongemagtigde verlating van skoolterrein	Strafbrief
2. Swak taalgebruik	Strafbrief + detensie Herhaling word kategorie 3
3. Versteuring van klasdissipline	Afsondering (buite klas in sig)
4. Rommelstrooi	Detensie Skoonmaak van skoolterrein (gemeenskapsdiens)
5. Swak gedrag tydens saal	Afsondering (saal verlaat) Herhaling - detensie
6. Herhaling van Kat. 2 na strafbrief	Detensie

- *Waar 'n strafbrief nie die volgende skooldag teruggebring word nie, gaan dit dadelik oor in detensie.*
- *Vervalsing van ouerhandtekening – detensie.*

Kategorie 3	**Optrede**
Aantekening op dissiplinestelsel	
1. Disrespek	Stuur na departementshoof Strafbrief. Kontak ouers.
2. Afwesig sonder verlof	Strafbrief. Kontak ouers
3. Oneerlikheid	Strafbrief. Kontak ouers
4. Afknouery	Strafbrief. Kontak ouers
5. Rassisme	Strafbrief. Kontak ouers
6. Vandalisme	Strafbrief. Kontak ouers. Skade betaal.
Ontneem voorregte: gewone klere, geen uitstappies, geen video, pouse inbly, Lentedag, Speletjiesdag	

Kategorie 4	Optrede
1. Diefstal	Kontak ouers. Oueronderhoud. Dissiplinêre verhoor
2. Besit van onwettige materiaal (insluitend wapens)	Kontak ouers. Oueronderhoud. Dissiplinêre verhoor
3. Immorele gedrag bv. seksuele opmerkings	Kontak ouers. Oueronderhoud. Dissiplinêre verhoor
4. Kriminele oortreding, bv. messteek, dwelmmisbruik, alkoholmisbruik	Kontak ouers. Dissiplinêre verhoor
5. Herhaling van kategorie 3	Kontak ouers. Oueronderhoud. Dissiplinêre verhoor
Ontneem voorregte: gewone klere, geen uitstappies, geen video, pouse inbly, Lentedag, Speletjiesdag	

- *Tydens 'n kategorie 4 oortreding kan die hulp van ondersteuningsdienste (SAPD, WKOD, Maatskaplike dienste ens.) ingeroep word. Ouers sal hieromtrent ingelig word.*

9. DIE JURISDIKSIE EN OMVANG VAN DIE GEDRAGSKODE:

Hierdie gedragskode is van toepassing:

- Op die skooleiendom voor, gedurende en na gewone skoolure;
- By alle amptelike skoolfunksies, gedurende en na skoolure.
- By alle amptelike skoolfunksies, ongeag waar dit gehou word.
- Te alle tye wanneer 'n leerder in skooldrag geklee is en deur die publiek as 'n leerder van die skool herken word.
- In geval van die oortreding van enige bepaling in hierdie gedragskode sal die voorgeskrewe dissiplinêre prosedure gevolg word.

10. WOORDOMSKRYWINGS:

- **Detensie:**

  Tyd: Vrydae, 1 uur na skool. Opvoeder moet detensieleerder/s se naam in die lêer in die personeelkamer aanteken terwille van rekordhouding. Ouers moet reeds op 'n Woensdag voor die Vrydag van detensie, per voorgeskrewe brief, in kennis gestel word. Die detensiebrief word op die leerder se profiellêer geplaas. GEEN leerder word van detensie verskoon nie. Indien 'n leerder afwesig is op die betrokke Vrydag, staan dit oor na 'n volgende Vrydag. As detensie is a.g.v. huiswerk wat nie getrou gedoen is nie, moet hierdie werk of soortgelyke take in die detensietyd afgehandel word. Waar van toepassing kan daar wel van leerders verwag word om die skool se gedragskode uit te skryf.

- **Strafbrief:**

  Brief word aan ouers gestuur deur betrokke opvoeder om kennis te neem van die leerder se oortreding. Prinsipaal mede-onderteken die brief. Ouers teken en stuur die volgende skooldag terug.

GETEKEN TE **Montagu** OP HIERDIE **24e** DAG VAN **November 2015.**

Beheerliggaamvoorsitter Skoolhoof

Geteken: ouer/voog van leerder: _____